# 26 Junie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 2

Jer 2:1 EN die **Woord van JaHWeH** het tot my gekom en gesê:

Jer 2:2 Gaan en roep uit voor die ore van Jerusalem en sê: So spreek JaHWeH: Ek onthou die geneentheid van jou jeug, die liefde van jou **bruidstyd**, toe jy agter My aan geloop het in die wildernis, in 'n onbesaaide deel van die Aarde. [Númeri 10:33]

Jer 2:3 Die **Apartheid van JisraEl** is vir JaHWeH die Eersteling van Sy opbrengs; almal wat Hom verslind, sal skuld op hulle laai, besoedeling sal oor hulle kom, spreek JaHWeH.

Jer 2:4 Luister na die Woord van JaHWeH, huis van Jakob, en alle stamme van die huis van JisraEl!

Jer 2:5 So sê JaHWeH: Watter onreg het julle vaders in My gevind, dat hulle ver van My afgewyk en agter **nietighede** aan geloop het en **self nietig geword** het?

Jer 2:6 En hulle het nie gesê nie: Waar is JaHWeH wat ons uit die Aarde van Egipte laat optrek het, ons in die wildernis gelei het, deur 'n **Aarde van woestynvlaktes en kuile, deur 'n Aarde van droogte en Doodskaduwee,** deur 'n Aarde waar niemand in haar deurtrek en waar **geen adamiet** woon nie?

Jer 2:7 En Ek het julle gebring in 'n **Aarde van tuine**, om haar vrugte en die suiwer van haar te eet; maar toe julle inkom, het julle haar besoedel en My Aarde en My Erfenis, 'n gruwel gemaak.

Jer 2:8 Die **priesters** het nie gesê: Waar is JaHWeH nie? En die wat die Wet handhaaf, het My nie geken nie; en die **herders** het teen My oortree, en die **profete** het geprofeteer deur die Here (Baäl) en agter dinge aan geloop wat geen voordeel bring nie.

Jer 2:9 Daarom sal Ek nog met julle twis, spreek JaHWeH; en met julle kindskinders sal Ek twis.

Jer 2:10 Want gaan oor na die eilande van die Kittiërs, en kyk; en stuur na Kedar, en gee daar goed ag op; en kyk of so iets gebeur het:

Jer 2:11 of het 'n nasie sy Elohim verruil – vir wat geen elohim is nie. Maar My volk het sy Glansrykheid verruil vir wat **geen voordeel** bring nie.

Jer 2:12 Verbaas julle hieroor, o Hemele, en huiwer, verstyf heeltemal van skrik, spreek JaHWeH.

Jer 2:13 Want My volk het twee besoedelde dinge gedoen: My, die **Fontein van lewende water**, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, **gebarste reënbakke wat geen water hou nie.**

Jer 2:14 Is JisraEl 'n dienskneg? Of is hy 'n [bediende] wat in die huis gebore is? Waarom het hy dan 'n buit geword?

Jer 2:15 Die **jong leeus** het oor hom gebrul, hulle het hul stem laat hoor en van sy Aarde 'n woesteny gemaak; sy **stede is verwoes**, sonder inwoner.

Jer 2:16 Ook sal die kinders van Nof en Tágpanhes jou kroontjie van jou hoof eet.

Jer 2:17 Het jou verlating van JaHWeH jou Elohey in die tyd toe Hy jou op die pad gelei het, jou dit nie berokken nie?

Jer 2:18 Wat het jy dan nou te doen met die pad na Egipte, om die **water van die Nyl** te drink? En wat het jy te doen met die pad na Assur, om die **waters van die Eufraat** te drink?

Jer 2:19 **Jou eie besoedeling sal jou tugtig**, en jou afkerighede sal jou straf; weet dan en sien dat dit besoedel en bitter is dat jy JaHWeH jou Elohey verlaat het, en dat My Vrees nie by jou is nie, spreek My Meester JaHWeH van die skeppings-leërmag.

# 27 Junie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 3

Jer 2:20 Want van ouds af het jy jou juk verbreek, jou stroppe stukkend geruk. En jy het gesê: Ek sal nie dien nie; want op **elke hoë heuwel en onder elke groen boom gaan jy lê om te verbaster**.

Jer 2:21 Nogtans het Ek jou geplant as 'n edele Wingerdstok, heeltemal as **Saad van Waarheid**; maar hoe is jy vir My verander in **wilde lote** van 'n **volksvreemde wingerdstok**!

Jer 2:22 Want al sou jy jou was met loog en baie seep vir jou neem, tog bly die straf van jou skandelikheid 'n **gekleurde** voor My Aangesig, spreek my Meester JaHWeH.

Jer 2:23 Hoe kan jy sê: Ek is nie besoedel nie; ek het nie agter die Here (Baäl) aan geloop nie? Kyk jou weg in die dal; weet wat jy gedoen het, **jou vinnige jong kameelkoei wat haar weë oorkruis**!

Jer 2:24 'n **Wilde-eselin**, 'n student van die wildernis, wat in haar lustige siel **die [besoedelde] gees opsnuiwe** - haar hittigheid, wie sal haar keer? Almal wat haar soek, hoef hulle nie te vermoei nie; in haar maand sal hulle haar kry.

Jer 2:25 Hou jou voet terug, dat sy haar skoen nie verloor nie; en jou keel, dat hy nie dors word nie. Maar jy sê: Dit is tevergeefs, nee; **want ek het verbasterdes lief en sal agter hulle aan loop**.

Jer 2:26 Soos 'n dief in die skande kom as hy uitgevind word, so het die huis van JisraEl in die skande gekom; hulle, hulle **konings**, hulle **vorste** en hulle **priesters** en hulle **profete**,

Jer 2:27 wat vir 'n stuk hout sê: Jy is my vader; en vir 'n klip: Jy het my voortgebring. Want hulle het My die rug toegekeer en nie die aangesig nie. **Maar in die tyd van hulle besoedeling sê hulle: Staan op en verlos ons**!

Jer 2:28 Waar is dan **jou gode** wat jy vir jou gemaak het? **Laat hulle opstaan** as hulle jou kan verlos in die tyd van jou besoedeling; want **volgens die getal van jou stede is jou gode, o JeHûWdah**!

Jer 2:29 Waarom twis julle met My? **Julle almal het teen My oortree, spreek JaHWeH.**

Jer 2:30 Tevergeefs het Ek julle kinders geslaan; hulle het geen Tugtiging aangeneem nie; julle swaard het julle profete verslind soos 'n verskeurende leeu.

Jer 2:31 **o Geslag**, sien die Woord van JaHWeH! **Het Ek vir JisraEl 'n wildernis geword of 'n Aarde van Duisternis?** Waarom sê My volk dan: Ons swerf vry rond, ons sal nie meer na U toe kom nie?

Jer 2:32 Kan 'n **maagd** haar versiersel vergeet, 'n **bruid** haar pronkgordel? Maar My volk het My vergeet, dae sonder getal.

Jer 2:33 Hoe goed kry jy jou pad **om liefde te soek**! Daarom het jy ook jou weë na die besoedelde dinge gewoond gemaak.

Jer 2:34 Ook is aan jou some **die bloed gevind van die siele van onskuldige armes;** nie by 'n plek waar ingebreek is, het Ek dit gevind nie, maar by hierdie almal.

Jer 2:35 Nogtans het jy gesê: Ek is onskuldig; gewis het Sy Toorn Hom van my afgewend. Kyk, **Ek sal met jou na die Gereg gaan, omdat jy sê: Ek het nie oortree nie**.

Jer 2:36 Wat loop jy so baie weg **om jou pad te verander?** Jy sal ook deur Egipte in die skande kom soos jy deur Assur in die skande gekom het.

Jer 2:37 Ook daarvan sal jy uitgaan met jou hande op jou hoof; want JaHWeH het **hulle verwerp op wie jy vertrou,** en jy sal met hulle geen voorspoed hê nie.

## 28 Junie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 4

**Jeremia 3:1** HY sê: As 'n man sy vrou verstoot, en sy gaan van hom af weg en word 'n ander man s'n, kan hy dan nog na haar teruggaan? Sal daardie Aarde nie skandelik besoedel word nie? En jy het met **baie minnaars gehoereer** en wil na My terugkom, spreek JaHWeH!

Jer 3:2 Slaan jou oë op na die kaal heuwels en kyk! Waar is jy nie onteer nie? Aan die paaie het jy vir hulle klaar gesit soos 'n Arabier in die wildernis, en **jy het die Aarde besoedel deur jou hoererye en deur jou besoedeling.**

Jer 3:3 En die reënbuie is ingehou, en daar was **geen laat reëns** nie. Maar jy het 'n hoëre-voorhoof gehad, jy het geweier om jou te skaam.

Jer 3:4 Het jy My nie nou eers aangeroep nie: My Vader, die vertroude Vriend van my jeug is U!

Jer 3:5 Sal Hy vir ewig die Toorn behou, of dit tot die einde bewaar? Kyk, dit het jy gesê, maar jy het besoedelde dinge gedoen tot die uiterste toe.

Jer 3:6 EN JaHWeH het vir my gesê in die dae van koning JoshiJaHûW: Het jy gesien wat die afkerige, **JisraEl**, gedoen het? **Sy het op elke hoë berg en tot onder elke groen boom gegaan en daar gehoereer**.

Jer 3:7 En Ek het gesê, nadat sy dit alles gedoen het: Keer na My terug! Maar sy het nie teruggekeer nie. En dit het die ontroue, **haar suster JeHûWdah**, gesien.

Jer 3:8 En Ek het gesien die oorsaak van die terugval van **JisraEl** was die **vermenging**, Ek het haar weggestuur en aan haar 'n **brief van afsnyding** gegee, dat die verraderlike, haar suster **JeHûWdah**, nie bevrees was nie, maar gegaan en ook **self gehoereer** het. [Maleagi 2:11]

Jer 3:9 En vanweë haar **ligsinnige hoerery** het sy die Aarde besoedel, ja, **sy pleeg vermenging** met klip en hout.

Jer 3:10 Maar ook ondanks dit alles het die ontroue, haar suster JeHûWdah, haar nie met haar hele hart tot My bekeer nie, **maar valslik**, spreek JaHWeH.

Jer 3:11 Toe het JaHWeH vir my gesê: Die afkerige, JisraEl, het haar siel geregverdig **meer as** die verraderlike, JeHûWdah.

Jer 3:12 Gaan en roep hierdie woorde na die Noorde toe uit en sê: **Keer terug**, o afkerige, JisraEl, spreek JaHWeH. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is barmhartig, spreek JaHWeH; Ek sal die Toorn nie vir ewig behou nie.

Jer 3:13 Erken jou ongeregtigheid, dat jy teen JaHWeH jou Elohey in opstand gekom het en **Sy Weë versprei het na verbasterdes onder elke groen boom**; maar na My Stem het julle nie geluister nie, spreek JaHWeH.

Jer 3:14 Keer terug, o afkerige kinders, spreek JaHWeH, want **Ek is julle Besitter**; en Ek sal julle neem, **een uit 'n stad en twee uit 'n familie** en sal julle **in Sion** bring.

Jer 3:15 En Ek sal aan julle gee **herders na My Hart**, wat julle sal voed met Kennis en Wysheid.

Jer 3:16 En as julle vermenigvuldig en vrugbaar word in die Aarde in dié dae, spreek JaHWeH, dan sal hulle nie meer sê: **Die Verbondsark van JaHWeH nie**. Ook sal sy in die hart nie opkom nie, en hulle sal aan haar nie dink en haar nie besoek nie, **en sy sal nie weer gemaak word nie.**

Jer 3:17 In dié tyd sal hulle **Jerusalem** noem die **Troon van JaHWeH**; en al die nasies sal by haar saamkom vanweë die Naam van JaHWeH **in Jerusalem**; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul besoedelde hart nie.

Jer 3:18 In dié dae sal die huis van JeHûWdah saam met die huis van JisraEl uit die Aarde van die Noorde kom **na die Aarde wat Ek aan julle vaders as erfenis gegee het.**

Jer 3:19 Ék het gesê: Hoe sal Ek julle saam met die kinders plaas in die Aarde van julle begeerte, 'n mooi erfenis vir die nasies! Ook het Ek gedink dat jy My sal noem: My Vader! en dat jy jou nie van My sal wegkeer nie.

Jer 3:20 Maar soos 'n vrou troueloos skei van haar minnaar, so het julle met **bedrieglikheid** teen My gehandel, o huis van JisraEl, spreek JaHWeH.

Jer 3:21 **'n Stem** is gehoor op die kaal heuwels, smekende geween van die kinders van JisraEl, omdat hulle hul weg verdraai het, JaHWeH hulle Elohey vergeet het.

Jer 3:22 **KEER terug**, o afvallige kinders; Ek sal julle afvalligheid genees. Hier is Ons, Ons kom na U toe, **want U is JaHWeH Onse Elohey.**

Jer 3:23 Waarlik, tevergeefs [verwag hulle dit] van die heuwels [en] van die rumoer op die berge; waarlik, in JaHWeH Onse Elohey is JisraEl se bevryding.

Jer 3:24 Maar skande het die werk van Ons vaders verslind van Ons jeug af, hulle kleinvee en hulle groot vee, hulle seuns en hulle dogters.

Jer 3:25 Ons wil neerlê in Ons skande, en Ons vernedering moet Ons oordek; want Ons het teen JaHWeH Onse Elohey oortree, Ons en Ons vaders van Ons jeug af tot vandag toe, en Ons het nie geluister na die Stem van JaHWeH Onse Elohey nie.

# 29 Junie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 5

**Woord ontvang op 27/06/19**
**Aan Daniel Grobbelaar**

"**MY Huis van Judah**, jy moet weet Wie jou gemaak het en Wie jou opgerig het. Jy moet weet Wie is die EEN wat jou bewaar en seën. Dit sê EK, jy moet weet Wie aan jou die **WET VAN LIEFDE EN APARTHEID** gegee het!

Dit IS EK, **EK IS WAT EK IS**! Jou SKEPPER en VADER, die ALMAGTIGE en daar is niemand gelykstaande aan MY nie.

**EK IS** die EEN wat jou verlos deur MY Bloed en Gees!

**EK IS** die EEN wat met jou spreek en wat jou lei deur MY Gees van Waarheid.

**EK IS** die EEN wat jou voorouers verlos het in die Aarde van Egipte.

**EK IS** die EEN wat wegneem en gee; wat beheer het oor dood en lewe; wat regeer oor die heelal!

**EK IS** die EEN wat jou, **MY Volk van die Suide**, hierheen gebring het om te floreer in MY Waarheid en Liefde, as **MY Apartgestelde Volk**!

> ***Jesaja 29:19*** *En die ootmoediges sal Vreugde op Vreugde smaak in JaHWeH, en die behoeftiges onder die adamiete sal juig in die* ***apartgesteldheid*** *van JisraEl.*
>
> ***29:20*** *Want gedaan is dit met die* ***tiran****, en klaar is dit met die* ***spotter****, en* ***uitgeroei*** *is almal wat op ongeregtigheid bedag is -*
>
> ***29:21*** *hulle wat 'n adamiet as oortreder brandmerk* ***ter wille van 'n woord****, en strikke span vir hom wat vir die Reg opkom in die Poort, en die regverdige met nietige voorwendsels wegstoot.*

EK het julle hierheen gebring omdat julle voorouers vervolg was vanuit die Noorde en het hulle hierheen gebring tot eer van MY Naam; **om 'n nageslag te bou**! Dit was 'n nuwe era en volgende fase van MY Raadsplan! Hoeveel oorwinnings het EK nie vir MY Boere laat bring toe hulle na MY geroep het en Geloftes met MY gesluit het nie? Was EK ontrou? Het EK MY al ooit teen MY eie Woord en Wet verset? Is EK dan nie Betroubaar en WAAR nie?

**DIT IS EK, EK IS WAT EK IS, die EL van Adam! Die EL van Sion!**

Maar julle MY Boerevolk het MY vergeet in die tye van voorspoed in MY land, Suid-Afrika! Julle het **verkoel** in julle dappere navolging van MY Woord en julle liefde vir MY het verkoel.

Julle siele het begin hunker na 'n ander man. Hierdie man het binnegedring in julle volk in elke faset van julle lewens. Hy was baie slinks en julle het vir sy mooi woorde en beloftes geval; en julle het **MY Waarskuwende Gees van Waarheid afgeweer** omdat hierdie man se rykdomme en genot net te stralend en aanloklik vir julle oë was! Daarmee saam het julle toegelaat dat die **kerke** julle volk byna vernietig en **julle teen mekaar gedraai het**, tot vandag toe! MY Huis lê verpletter en die doodsbeendere lê oral in die gange en poorte van julle verharde harte.

Julle het julself gewend na die strewe om beter as die volgende een te wees en so het hierdie man 'n **hoogmoedige gees** in julle laat ontkiem. Daar was nie meer sprake van **naasteliefde en eensgesindheid** nie, maar eerder sprake van die begeertes en strewe na **geld en plesier**. Hierdie strewe na geld en plesier, wat deur hierdie man op 'n goue skinkbord vir julle opgedis was, het julle gelei na ongehoorsaamheid aan MY Ewige Wet wat sê "**Jy mag nie vermeng nie**."

Hierdie man het geweet hoe om julle harte met sy slinkse vingers te manipuleer om julle te laat dwaal en het julle gelei **na 'n ander boom**. Hierdie boom is nie MY Boom van die Lewe nie, maar eerder 'n boom vol dorings. Maar moenie julle misgis nie, hierdie boom dra die mooiste vrugte, gefabriseer deur hierdie man, maar binne-in daardie valse vrugte lê die **gif van verbastering, liefdeloosheid, hoogmoed en rebellie**. Hierdie boom skei 'n geur af wat julle neusgate laat prikkel en julle siele laat smag na 'n ander liefde -'n liefde wat dood en moor! Hierdie liefde is afkomstig van hierdie man en hierdie liefde was die oorsaak dat EK hierdie man vanuit MY Huis verban het. Hierdie liefde heet, **eie-liefde**!

MY Volk, jy moet weet Wie jou tugtig and Wie jou gaan uitred!

Hierdie ander man het MY Volk met **besoedelde wyn** besmet en dit het veroorsaak dat die vry skone Bruid wat EK as MY Volk gesien het, verander het in 'n **dronk besmette vrou** wat rondstrompel van straathoek na straathoek in die nagure van haar siel.

Hierdie man het <u>**drie beelde**</u> in hierdie volk in gebring wat baie van julle laat struikel en val. **Drie beelde van die dier** wat al so diep in julle lewens en tot binne-in julle siele vesting gemaak het:

Die televisie-beeld,
die selfoon-beeld en
die rekenaarskerm-beeld!

> *Openbaring 13:11 En uit die Aarde het ek* ***'n ander Dier*** *sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het* ***gepraat soos 'n Draak****.*
>
> *13:12 En hy oefen al die mag van die eerste Dier uit voor sy oë, en hy maak dat die Aarde en die wat op haar woon,* ***die eerste Dier vereer****, waarvan die dodelike wond genees is.*
>
> *13:14 En hy verlei die bewoners van die Aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die Dier te doen, deur aan die bewoners van die Aarde te sê dat hulle* ***'n beeld moet maak vir die Dier*** *wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.*

*13:15 En dit is hom gegee om **'n gees aan die Dier se beeld te gee,** sodat die Dier se beeld ook sal **praat** en maak dat almal gedood word wat die **Dier se beeld** nie vereer nie.*

Agter hierdie beelde verander hierdie man homself in allerhande vorms en pleeg allerhande dade op baie fyn beplande maniere om julle **geeste te dood**, julle **siele te besmet** en julle **hartsdenke te verander**, sodat julle hele lewens verander word ten gunste van hierdie man! Dit het julle toegelaat omdat julle jul harte na hierdie man gewend het en weg van MY, julle ENIGSTE EWIGE MAN, af beweeg het! **Hierdie drie beelde is die finale dood van MY Volk!**

Dit sê EK, want dit is hierdie man se metodes om julle binne-in sy sisteem in te trek waar die volgende hoogty vier: **Haat, verbastering, liefdeloosheid, afguns, eie-eer, eie-liefde, geestelike vermenging, afgodery, vermaak, liggaamlike plesier, homoseksualisme, politiek, mammon-rykdom, ongehoorsaamheid, dwaasheid, sluimering, wanorde, vervloekinge, rebellie teen MY, manipulering van DNA en die biologie, oorlog, mag, beroemdheid onder die nasies, valsheid, leuens, bedrog en die uitwissing van alle geestelike Waarhede en pogings van MYSELF om MY kinders te voed en te laat groei om MY Verlossingsplan uit te voer.**

Hierdie is die vrugte wat aan daardie boom hang en julle smul lekker daaraan en julle besef nie die komplikasies wat dit het op die bestemming van julle siele nie! EK het julle oor en oor gewaarsku deur MY Profete en Knegte, maar julle wou nie luister nie.

Julle is so mislei dat julle ook nie wil aanvaar dat EK **steeds** met MY kinders en knegte wat EK uitverkies het, praat nie.

Hierdie man het julle hele wese so verander dat tot julle wat die Waarheid tot 'n mate gevind het, **nie die LIEFDE met Wysheid en Insig kan toepas nie,** omdat julle deur die Waarheid **hoogmoedig** geword het. EK het gesê dat julle mekaar moet liefhê en mekaar moet **leer wat EK julle leer deur MY Woord**. En tog is daar diegene wat dit doen, maar hulle is nie eens **uitvoerders** van MY Leringe en Woord nie.

Die saad en die boom is daar, maar daar is **geen vrugte** te oes nie – dit is julle wat die mense leer van MY Waarheid en Liefde, maar wat self **nie eens een woord daarvan toepas en uitvoer nie**!

Dit sê EK, Waarheid is geen Waarheid as dit nie vanuit die LIEFDE kom nie, want as dit nie vanuit MY LIEFDE en vanuit jou liefdevolle hart kom nie, **dan is jy besig met 'n ander waarheid**!

MY Volk, **EK hoor julle smekinge en gebede** in julle benoudheid in MY land, Suid-Afrika. EK sien wat met julle gebeur. Maar dink julle nie **EK is in beheer daarvan nie?**

Hierdie is die volgende Verborgenheid:

EK gaan julle **uit Egipte haal** en terselfdertyd gaan EK **Egipte uit julle uit haal**.

**Dit is hoe julle verlos gaan word!**

Waarom dink julle kry julle nie meer werk nie?

Waarom dink julle word julle grond van julle af weggevat?

Waarom dink julle word julle stede en dorpe en huise geplunder en julle besittings word besteel?


Waarom dink julle gebeur hierdie dinge? Dit is omdat julle **hierdie dinge meer liefgehad het as vir MY** en daarom neem EK dit stelselmatig van julle af weg.

Daarom vermaan EK julle nou om op te hou rebelleer teen MY Strafgerig en eerder te **fokus op wat julle kan doen om MY weer te behaag** en MY Toorn af te wend, sodat die Strafgerig **opgehef** kan word deur MY Barmhartigheid. Maar weet, die Strafgerig is ook vanuit MY Barmhartigheid, want hoe anders sal EK julle siele ooit weer by MY kan terugkry? Julle VADER is die Ewige Barmhartige! EK sal julle leer om mekaar weer lief te hê en om waarlik **na mekaar te kan omsien** soos wat dit in MY Huis behoort te wees, want EK IS VADER! EK sal julle leer om weer **ten volle op MY afhanklik te wees in slegte en sowel as goeie tye - te ALLE tye!**

MY Plan is reeds in uitvoering en EK is besig om MY Bruid weer te suiwer en apart te stel vir MY. **Die Anker is reeds uitgegooi vir MY kinders** om te kan trek en heers oor die berg van die draak.

En dit sê EK, daardie ander man is die draak en die draak is MY Teenpool, satan. Heers oor hom en floreer in MY LIEFDE en WAARHEID! Neem MY Verlossing op en gryp MY Reddende Hand nou aan! Wend julle aangesigte en harte weer na MY en hef julle hande op na MY! Want EK IS!

**Kom weer terug na MY, julle WARE MAN en BRUIDEGOM!"**






# 1 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 6

**Jeremia 4:1** AS jy jou bekeer, JisraEl, spreek JaHWeH, **bekeer jou tot My**; en as jy jou verfoeisels van My Aangesig af verwyder, hoef jy nie rond te swerwe nie.
4:2 Dan sal jy sweer: So waar as JaHWeH leef! in **Waarheid, in Reg en in Geregtigheid**; en die nasies sal hulleself in Hom seën en hulle in Hom beroem.
4:3 Want so sê JaHWeH aan die manne van JeHûWdah en aan Jerusalem: **Ploeg die braakland om en saai nie onder die dorings nie**.
4:4 Besny julle vir JaHWeH, en verwyder die **voorhuide van julle hart**, manne van JeHûWdah en inwoners van Jerusalem, dat My Grimmigheid nie soos 'n vuur uitgaan en brand sonder dat iemand kan blus nie, weens die besoedeling van julle handelinge.
4:5 Verkondig in **JeHûWdah** en laat dit hoor in **Jerusalem** en sê: **Blaas die ramshoring in die Aarde**! Roep hardop en sê: Kom bymekaar, en laat ons in die versterkte stede ingaan! [ZekarJaH 9:16]
4:6 **Verhef die Banier na Sion toe**! Vlug, bly nie staan nie! Want Ek bring **besoedeling uit die Noorde** en 'n groot verwoesting.
4:7 'n **Leeu** het opgekom uit sy bos en die **Verderwer** van nasies het weggetrek, uitgegaan uit sy plek om jou Aarde 'n woesteny te maak; jou stede sal verwoes word, sonder inwoners.
4:8 Daarom, omgord julle met rouklere, klaag en huil, want die brandende Woede van JaHWeH teen ons het nie bedaar nie.
4:9 En op dié dag, spreek JaHWeH, sal die moed van die koning en die moed van die vorste vergaan, en die priesters sal verskrik wees en die profete verstom staan.
4:10 Toe het ek gesê: Ag, my Meester JaHWeH, waarlik, U het hierdie volk en Jerusalem grootliks mislei met die woorde: Julle sal Vrede hê - terwyl die swaard tot aan die siel raak.
4:11 In dié tyd sal aan hierdie volk en aan Jerusalem gesê word: **'n Gloeiende Gees van die kaal heuwels in die wildernis op pad na die Dogter van My Volk, nie om te wan of te suiwer nie!**
4:12 'n Gees te sterk vir hierdie dinge sal van My kom; nou sal Ek ook Regsprake teen hulle uitspreek.
4:13 Kyk, soos die Wolkkolom kom Hy op, en soos 'n stormwind is Sy strydwaens; Sy perde is vinniger as arende. Wee Ons, want Ons is verwoes!
4:14 **Was jou hart van besoedeling, o Jerusalem, dat jy gered kan word.** Hoe lank sal jou besoedelde gedagtes in jou binneste vertoef?
4:30 En jy, verwoeste, wat gaan jy doen? Al trek jy skarlaken klere aan, al versier jy jou met goue sieraad, al laat jy jou oë groter lyk met swart verf - tevergeefs maak jy jou mooi; **minnaars versmaad jou, hulle soek jou siel.**
4:31 Want Ek het gehoor 'n stem soos van Een wat inmekaar krimp, 'n benoudheid soos van Een wat die eerste keer baar, **die stem van die Dogter van Sion**; Sy hyg na asem, Sy strek Haar handpalms uit [en sê]: **Wee My tog, want My Siel is magteloos teenoor die moordenaars.**

**Miga 4:6** In dié dag, spreek JaHWeH, wil Ek **versamel** die wat kreupel is, en **bymekaarmaak** wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.
Mic 4:7 Dan sal Ek die wat kreupel was, tot 'n **oorblyfsel** maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. **En JaHWeH sal Koning wees oor hulle op die Berg van Sion**, van nou af tot in ewigheid.
Mic 4:8 En U, **Toring van die skape**, Vesting van die Dogter van Sion, na Jou sal dit kom, ja, die vroeëre heerskappy sal kom, die **Koningskap vir die Dogter van Jerusalem**. [Spreuke 18:10; Hooglied van Salomo 4:4]
Mic 4:9 Waarom skreeu Jy nou so hard? Is daar geen koning in Jou nie? Of het Jou raadgewer omgekom, sodat smart Jou aangegryp het soos van Een wat baar? [Psalm 61; Openbaring 12]
Mic 4:10 **Krimp inmekaar en bring voort, o Dogter van Sion, soos Een wat baar**! Want nou sal Jy die Stad verlaat en op die veld gaan woon; en Jy sal in Babel aankom - dáár sal Jy gered word, dáár sal JaHWeH Jou verlos uit die handpalms van Jou vyande. [DaniEl 3:1; 4:30]

# 2 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 7

**Jeremia 6:1** VLUG, **kinders van Benjamin**, **uit Jerusalem uit;** en blaas die ramshoring in Tekóa, en hef ‘n vuurteken op bo Bet-Hakkérem; (huis vd wingerd) want besoedeling dreig **uit die Noorde** en groot verwoesting. [JirmeJaH 4:31]

6:2 **Ek het die brose Dogter van Sion afgeskei na 'n woonplek van rus**.

6:3 Herders met hulle troppe sal na Haar toe kom; hulle rig tente teen Haar op, hulle **verslind** Haar, elkeen neem sy deel.

6:4 [Julle], berei ‘n oorlog teen Haar! Staan op! Laat ons optrek teen die middag! Wee ons, want die dag gaan verby, want die aandskaduwees word langer!

6:5 Staan op! Laat ons optrek in die nag, en laat ons Haar paleise verwoes!

6:6 Want so sê JaHWeH van die skeppings-leërmag: Sny Haar bome af, en gooi ‘n wal teen Jerusalem; want Sy is die Stad wat gestraf word; alles van Haar is verdrukking binne-in Haar.

6:7 Soos ‘n Fontein Haar waters fris hou, so hou Sy Haar besoedeling fris; geweld en verdrukking word in Haar gehoor, siektes en wonde is voortdurend voor My Aangesig.

6:8 Laat Jou tugtig, Jerusalem, dat My Siel nie van Jou vervreemd word nie, dat Ek Jou nie ‘n verlatenheid maak, ‘n onbewoonde Aarde nie.

6:9 So sê JaHWeH van die skeppings-leërmag: Hulle sal die oorblyfsel van JisraEl skoon afoes soos ‘n Wingerdstok. Slaan jou hand weer soos ‘n druiwesnyer aan die lote!

6:10 Wie sal Ek toespreek en waarsku, dat hulle kan hoor? Kyk, hulle oor is onbesnede(ongehoorsaam), sodat hulle nie kan luister nie. Kyk, die Woord van JaHWeH is vir hulle ‘n smaad, hulle het daar geen behae in nie.

6:11 Daarom is Ek vol van die Grimmigheid van JaHWeH; Ek het my moeg gemaak om uit te hou. Giet dit uit oor die kinders op die straat en oor die versameling van jongmanne, oor almal; want ook die man saam met die vrou sal gevang word, die grysaard saam met die oue van dae.

6:12 **En hulle huise sal oorgaan op ander mense, landerye en vroue, alles tesame**; want Ek sal My Hand uitstrek teen die inwoners van die Aarde, spreek JaHWeH.

6:13 Want van hul kleinste tot hul grootste maak hulle almal **onregverdige wins**, en van die profeet tot die priester pleeg hulle almal **bedrog**.

6:14 En hulle genees die verbreking van die Dogter van My Volk op die maklikste manier deur te sê: **Vrede, Vrede! - terwyl daar geen Vrede is nie.**

6:15 Hulle kom in die skande, omdat hulle ‘n gruwel bedryf het; tog skaam hulle hul nie in die minste nie, tog weet hulle nie om te bloos nie. Daarom sal hulle val onder die wat val; in die tyd dat Ek aan hulle besoeking doen, sal hulle struikel, sê JaHWeH.

6:16 So spreek JaHWeH: Staan op die Weë, en kyk en **vra na die ou Paaie**, waar tog die suiwer Weg is, en wandel in haar; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil [in haar] nie wandel nie.

6:17 Ek het ook wagte oor julle gestel [en gesê]: **Luister na die geluid van die ramshoring.** Maar hulle het geantwoord: Ons wil nie luister nie.

6:18 Daarom, hoor, o nasies! En weet, o vergadering, wat onder hulle is!

6:19 Hoor, Aarde! Kyk, Ek bring besoedeling oor hierdie volk, die vrug van hulle planne; **want na My woorde het hulle nie geluister nie, en My Wet, dié het hulle verwerp.**

6:20 Waarom sou daar tog vir My wierook uit Skeba kom en die suiwer kalmoes uit ‘n ver deel van die Aarde? Julle brandoffers is nie welgevallig nie, en julle slagdiere is My nie aangenaam nie.

6:21 Daarom, so sê JaHWeH: Kyk, Ek gooi **struikelblokke** voor hierdie volk waaroor hulle sal struikel, vaders en seuns tesame; die buurman en sy vriend sal omkom.

6:22 **So sê JaHWeH: Kyk, daar kom ‘n volk uit die Aarde van die Noorde, en ‘n groot nasie word opgewek uit die agterhoeke van die Aarde. [JirmeJaH 1:15]**

6:23 **Boog en assegaai** hanteer hulle; hulle is **wreed** en sonder Barmhartigheid; hulle stem bruis soos die see, en hulle ry op perde, gewapend soos ‘n man vir die oorlog, **teen Jou, o Dogter van Sion**!

6:24 Ons het die gerug daarvan gehoor, Ons hande het slap geword, benoudheid het Ons aangegryp, **smart soos van Een wat baar.**

6:25 Gaan nie uit in die veld en loop nie op die pad nie; want die swaard van die vyand is daar, skrik
rondom! 6:26 Dogter van My volk, omgord Jou met ‘n
**roukleed** en wentel Jou in die as; bedryf rou soos oor ‘n enigste kind, ‘n bitter rouklag; want skielik kom die verwoester oor Ons. [Psalm 30:11]

6:27 **Ek het Jou onder My volk as Toring gestel, as Vesting, dat Jy hulle weg kan ken en toets**.

6:28 Hulle is almal die **oproerigstes van die oproeriges** wat omgaan met **kwaadsprekery**; koper en Yster is hulle; hulle handel almal verderflik.

6:29 Die blaasbalk blaas hard; wat uit die vuur gereed kom, is lood; tevergeefs hou hulle aan met smelt, maar die besoedelde word nie afgeskei nie.

6:30 Hulle word genoem: Verworpe silwer; want JaHWeH het hulle verwerp.

# 4 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 8

**Jeremia 7:1** DIE Woord wat van JaHWeH na JirmeJaHûW gekom het:

Jer 7:2 **Staan in die Poort van die Huis van JaHWeH**, en roep hierdie woord daar uit en sê: Luister na die Woord van JaHWeH, **o hele JeHûWdah**, **wat deur hierdie Poorte ingaan** om voor die Aangesig van JaHWeH neer te val!

Jer 7:3 So sê JaHWeH van die skeppings-leërmag, die Elohey van JisraEl: Maak julle weë en julle handelinge goed, **dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek**.

Jer 7:4 Vertrou nie op bedrieglike woorde nie wat sê: **JaHWeH se Tempel**, JaHWeH se Tempel, JaHWeH se Tempel is hy!

***Aanhaling uit die 1838 Gelofte te Bloedrivier***

*"en dat ons 'n huis (tempel) tot Sy eer sal oprig*
*waar dit Hom behaag,*
*en dat ons ook aan ons kinders sal sê*
*dat hulle met ons daarin moet deel*
*tot nagedagtenis ook vir die*
*opkomende geslagte."*

Jer 7:5 Maar as julle jul weë en julle handelinge waarlik goed maak, as julle waarlik Reg doen onder mekaar;

Jer 7:6 **besoeker, wees en weduwee nie verdruk nie** en geen **onskuldige bloed** in hierdie plek vergiet nie en nie agter **gode van andere** aan loop tot julle eie besoedeling nie -

Jer 7:7 dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die **Aarde** wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu.

Jer 7:8 Kyk, julle vertrou op **bedrieglike woorde** wat nie baat nie.

Jer 7:9 Sal julle steel, moor, vermeng en vals sweer en **rook laat opgaan vir die Here (Baäl)** en agter gode van andere aan loop, wat julle nie ken nie,

Jer 7:10 en dan kom staan voor My Aangesig in **hierdie Huis waaroor My Naam uitgeroep is**, en sê: Ons is verlos! - om al hierdie gruwels te doen?

Jer 7:11 Is hierdie Huis waaroor My Naam uitgeroep is, 'n spelonk van **moordenaars** in julle oë? Ook Ek - kyk, Ek het dit gesien, spreek JaHWeH.

> *1 Johannes 3:15 Elkeen wat sy broeder haat, is 'n* ***moordenaar****; en julle weet dat geen moordenaar die Ewige Lewe as iets blywends in hom het nie.*

Jer 7:15 En Ek sal julle van My Aangesig wegwerp soos Ek al julle broers, die hele saadlyn van Efraim, weggewerp het.

Jer 7:16 **En jy, bid nie vir hierdie volk nie en hef vir hulle geen roep of gebed op en dring by My nie aan nie, want Ek sal na jou nie luister nie.**

Jer 7:17 Sien jy nie wat hulle in die stede van JeHûWdah en op die strate van Jerusalem doen nie?

Jer 7:18 Die kinders maak hout bymekaar, en die vaders steek die vuur aan, en die **vroue knie deeg** om **koeke te maak vir die hemelkoningin (Ishtar)** en om vir **gode van andere** drank uit te giet om My te tart.

Jer 7:19 Terg hulle My? spreek JaHWeH. Doen hulle dit nie aan hulleself tot beskaming van hul aangesig nie?

Jer 7:20 Daarom, so sê my Meester JaHWeH: Kyk, My Toorn en My Grimmigheid sal uitgestort word **oor hierdie plek**, oor die **adamiete en oor die wilde wesens** en oor die bome van die veld en oor die vrugte van die Adamah[adamiet se Aarde]; en sy sal brand en nie uitgeblus word nie.

Jer 7:23 Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: **Luister na My Stem,** dan sal Ek vir julle 'n Elohim wees, en julle sal **vir My 'n volk wees**; en wandel net in die Weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan.

Jer 7:24 Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die **verharding** van hul besoedelde hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie.

Jer 7:25 Van die dag af dat julle vaders uit die Aarde van Egipte uitgetrek het tot vandag toe het Ek na julle al My knegte, die profete, gestuur, daagliks, vroeg en laat;

Jer 7:26 maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders.

Jer 7:27 Ook moet jy al hierdie woorde aan hulle meedeel, maar hulle sal na jou nie luister nie; en jy moet na hulle roep, maar hulle sal jou nie antwoord nie.

Jer 7:28 Sê dan vir hulle: Dit is die nasie wat na die Stem van JaHWeH sy Elohey nie geluister het nie en die Tugtiging nie aangeneem het nie; **die Waarheid; Sy het verdwyn en Haar afgesny uit hulle mond.**

Jer 7:33 En die **lyke** van hierdie volk sal dien as voedsel vir die **vlieënde wesens in die lug** en die **wilde wesens van die Aarde** sonder dat iemand hulle skrikmaak.

Jer 7:34 En Ek sal uit die stede van JeHûWdah en uit die strate van Jerusalem laat ophou die stem van Vreugde en die stem van vrolikheid, **die stem van die bruidegom en die stem van die bruid**; want die Aarde sal 'n puinhoop word.

## 5 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 9

**Jeremia 8:1** IN dié tyd, spreek JaHWeH, sal hulle die bene van die **konings** van JeHûWdah en die bene van sy **vorste** en die bene van die **priesters** en die bene van die **profete** en die bene van die **inwoners van Jerusalem** uit hulle grafte uithaal,

Jer 8:2 en hulle sal dit uitsprei voor die son en voor die maan en voor die hele **leër van die Hemele** wat hulle liefgehad en gedien het, en waar hulle agter aan geloop het, en wat hulle gesoek en waarvoor hulle hul neergebuig het; dit sal nie versamel en begrawe word nie, **mis** sal dit op die aangesig van die Adamah [adamiet se Aarde] wees.

Jer 8:3 En Dood sal bo die lewe verkies word deur die hele oorblyfsel, die wat oor is van hierdie besoedelde geslag, in al die plekke waarheen Ek hulle verdryf het, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag.

Jer 8:4 EN jy moet vir hulle sê: So spreek JaHWeH: Sal iemand val en nie weer opstaan nie? Of sal hy weggaan en nie weer terugkom nie?

Jer 8:5 Waarom is dan **hierdie volk, Jerusalem**, afkerig met 'n aanhoudende afkerigheid? **Hulle hou vas aan bedrog**, hulle weier om terug te keer.

Jer 8:6 Ek het geluister en gehoor: hulle spreek wat nie Reg is nie; daar is niemand wat berou het oor sy besoedeling, dat hy sou sê: Wat het ek gedoen nie? Elkeen spring weg in sy loop soos 'n perd wat storm in die geveg.

Jer 8:7 Selfs 'n groot sprinkaanvoël aan die Hemele ken sy bepaalde tye, en 'n tortelduif en 'n swaweltjie en 'n kraanvoël neem die tyd van hulle koms in ag; maar **My volk ken die Reg van JaHWeH nie**.

Jer 8:8 Hoe durf julle sê: Ons is wys, en die Wet van JaHWeH is by ons? Waarlik, kyk, bedrieglik werk die **leuenpen van die skrywers**.

Jer 8:9 Die **slim mense** kom in die skande, is verslae en verstrik. Kyk, hulle het die **Woord van JaHWeH** verwerp, en watter wysheid sou hulle hê?

Jer 8:10 Daarom sal Ek hulle **vroue** aan ander gee, hulle **landerye** aan veroweraars; want van die kleinste tot die grootste maak hulle almal onregverdige wins; van die profeet tot die priester pleeg hulle almal **bedrog**.

Jer 8:11 En hulle genees die verbreking van **die Dogter van My Volk** op die maklikste manier deur te sê: **Vrede, Vrede! - terwyl daar geen Vrede is nie**.

Jer 8:12 Hulle kom in die skande, omdat hulle 'n **gruwel** bedryf het, tog skaam hulle hul nie in die minste nie en weet nie om te bloos nie. Daarom sal hulle val onder die wat val; en in die tyd van hulle straf sal hulle struikel, sê JaHWeH.

Jer 8:13 **Saamskraap, wegraap sal Ek hulle**, spreek JaHWeH. Daar is geen druiwe aan die Wingerdstok en geen **vye** aan die Vyeboom nie, ja, die blare verdor. So het Ek ook vir hulle dié bestel wat dwarsoor hulle sal gaan.

Jer 8:14 Waarom bly ons sit? Kom bymekaar, en laat ons in die versterkte stede ingaan en daar omkom; want JaHWeH onse Elohey laat ons omkom, en Hy laat ons **water met gif** drink, omdat ons teen JaHWeH oortree het.

Jer 8:15 Hulle wag op Vrede, maar daar is niks suiwer nie; op 'n tyd van beterskap, maar kyk, daar is **verskrikking**.

Jer 8:16 Van **Dan** af word die gesnuif van sy perde gehoor, **vir die geluid van die gerunnik van sy perde bewe die hele Aarde**; en hulle kom en eet die Aarde op en haar volheid, die Stad en die wat in haar woon.

Jer 8:17 Want kyk, Ek stuur **die Nagash en die adders** onder julle waarteen daar geen beswering is nie, en hulle sal julle byt, spreek JaHWeH. [MattithJaHûW 23]

Jer 8:18 Ag, kon Ek My maar opvrolik in kommer! My Hart is krank in My.

**Jer 8:19 Daar is die hulpgeroep van die Dogter van My Volk uit 'n baie ver deel van die Aarde**: Is JaHWeH nie in **Sion** nie? Of is Haar Koning nie in Haar nie? Waarom het hulle My getart met hulle **gesnede afbeeldings, met 'n volksvreemde reuk?**

Jer 8:20 Die oes is verby, die somer is ten einde, en óns is nie verlos nie!

Jer 8:21 Vanweë die verbreking van die Dogter van My Volk is Ek gebreek, is Ek in die rou; verbaasdheid het My aangegryp.

Jer 8:22 Is daar geen balsem in Gílead nie? Of is daar geen geneesheer nie? **Want waarom het die genesing van die Dogter van My Volk nie tot stand gekom nie**?

## 6 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 10

**Woord ontvang op 03/07/19 aan Daniel Grobbelaar**

"Hoor MY Stem, kneg van MY! Voel die Warmte van MY Asem van Lewe wat blaas oor die Aarde van jou hart en voel die verlossende Krag van MY Gees. Jy is geskape deur MY as 'n oorwinnaar in MY Ryk. EK sal jou lei en EK bekragtig jou deur MY Barmhartigheid om 'n lewe vir MY te leef. Neem MY Gawes op en stel MY altyd eerste in elke roeping, besluit en gedagte. EK IS LIEFDE en EK sal altyd LIEFDE wees.

Soos EK eens gesê het, "**die blindes wat die blindes lei**" – hierdie woorde het as Waarheid oral om julle gefloreer omdat julle as MY Volk, blind geword het. Maar aan die einde van hierdie tyd is EK besig om blindes te genees van hulle blindheid en EK is besig om MY Wagte, Knegte, Boodskappers en **bewerkers van MY Wingerd uit te verkies.**

Laat dit hoor, MY Israel: **EK DOEN DIE UITVERKIESING EN NIEMAND WERK VIR MY, SONDER MY NIE!**

Daar is baie profete en boodskappers; daar is baie verkondigers en werkers in MY Volk, maar hulle het hulleself aangestel ten doel om eer en guns te bring aan hulle eie naam en lewe! Hulle doen dit vir roem en om gesien te word deur die menigte. Hulle werk sonder MY **omdat EK en MY Waarheid nie welkom is in hulle harte nie.** Tog gebruik hulle MY Woord om andere te leer volgens hulle eie selfopgemaakte opinies en invloede van MY teenpool om MY Kudde te mislei. Wee hulle wat sê: "**VADER het gespreek**.", terwyl EK nie MY Mond tot hom of haar gereken het nie! Wee die bewerkers van misleiding, want hulle sal voor MY Aangesig weggevee word! Hulle hoor 'n stem en hang hierdie stem aan en sê aan MY Volk "**God het gesê**" en hulle profeteer vals! Hierdie stem is nie MY Stem nie, maar is die stemme van **laer duister geeste in diens van MY teenpool!** Hulle verkry ingang by hulle omdat hulle ongehoorsaam geword het aan MY **Waarheid en Wet**; en hulle harte **teen MY LIEFDE** verhard het. Wee hulle wat MY Woord verdraai en vervals ten doel om MY kudde na die slagpale te lei binne-in die **tempel van Babilon**!

EK, EK sien julle! EK sien julle gedagtes, julle dade; julle planne om MY opregtes te laat struikel. EK sien julle duister vergaderings om ronde tafels waar die **son in die middel van die tafel is**. Dit kom al lank dat julle die **son in die Ooste aanbid** en MY verwerp en verloën het. Julle aanbid, maar nie vir MY nie! Julle het 'n ander meester wat met sy valse lig en **gemengde waarheid** kom om MY Kudde te vermoor en te dood! Hy spreek baie van vrede en versoening, maar sy hart dra die wortels van haat en moord! Julle verberg julleself net soos Adam en Eva hulle probeer verberg het in die tuin toe EK besoeking gedoen het, nadat hulle oortree het aan MY Opdrag. Maar EK sien en hoor alles, omdat EK terselfdertyd, orals en nêrens is! **Maar weet, julle eie trone en magte sal verpletter word deur julle eie dwaasheid en hunkering na mag en krag.**

Julle wil soos EK wees deur om Goed en Kwaad te ken; julle wil soos EK wees deur om alle Kennis te bekom. Daar is baie van julle wat julleself gelyk aan MY wil stel – maar julle bewerk hulle eie ondergang! Julle bevorder julle tegnologie al so vêr met die doel om alle geestelike leringe vanuit MY te verhinder en MY Kudde tot julle slawe te reken. Julle beïnvloed die saad en voedsel wat MY Volk benodig ter oorlewing, deur die manipulasie van die boustene van materie. Julle speel God! Julle verbaster MY Skepping en die natuur deur die grense te kruis in julle laboratoriums en julle met die wit jasse word beloon deur julle meesters. Julle meesters is **vanuit die afgrond** en hulle is die blindes wat hulleself as die "verligtes" voordoen. Onthou wat EK aan die slang gesê het: "**EK stel 'n vyandskap in tussen jou en die vrou!**". So sal dit wees omdat die slang en sy saad MY en MY Saad tot vandag toe wil vernietig, tot na MY dood en opstanding! **Die slang wil MY Vrou, MY Bruid, vernietig en hy is MY Bruid se vyand!**

Maar weet dat MY Beloftes en Woord is getrou! MY Volk sal EK Apart stel en hulle sal MY aanbid, die LEWENDE EWIGE ELOHIM en SKEPPER! Die slang se duister planne sal tot 'n einde kom en **EK sal MY Volk verlos!**

Weet dit: ALLES moet terugkeer na MY en hoe dit sal geskied is **deur die omvorming terug na LIEFDE en die Waarheid vanuit die LIEFDE.** Maar, dit is elke siel se eie wil en besluit. Daarom is dit in julle eie hande om uit liefde uit gehoorsaam te wees aan MY en die Vrug van Lewe te ontvang of om te rebelleer en daarmee saam dan die gevolge daarvan te dra. Die gevolge van ongehoorsaamheid word deur julleself veroorsaak, maar wanneer julle berou het, terugkeer na MY en nadat EK julle vergewe het kan julle 'n lewe lei van oorwinning en verlossing.

**Nadat EK een van MY kinders gered en vergewe het, het niemand die reg om hom of haar te herinner aan sy of haar oortredinge nie, omdat EK dit weggeneem het!**

**EK IS DIE REGTER** en EK IS VOLMAAK! Nie een van julle is sonder sonde nie, daarom skrywe EK in die sand!

MY **Huis van Judah**, in jou sal EK wees en onder jou sal EK vertoef. Jou oë sal ek open en jou ore laat luister na MY Woord. **Jy sal 'n Vesting en Huis wees vir MY kinders. MY Woord en Wet sal vanuit Sion en MY Nuwe Jerusalem gaan** en almal sal weet dat EK IS! EK Verlos en EK IS Waarheid! MY Sion sal geen afgodery bedrywe nie en hulle sal Krag van MY ontvang om

staande te bly in MY Liefde en Werke. Hulle sal aan MY die Eer en Roem gee, omdat EK hulle uitgered en genees het.

***Jesaja 2:1*** *DIE woord wat JeshaJaHûW, die seun van Amos, gesien het met betrekking tot* ***JeHûWdah en Jerusalem.***

*Isa 2:2 En aan die* ***einde van die dae*** *sal die berg van die Huis van JaHWeH vas staan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en* ***al die nasies sal daarheen toestroom.***

*Isa 2:3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die Berg van JaHWeH, na die Huis van die Elohey van Jakob, dat Hy ons Sy Weë kan leer en ons in Sy Paaie kan wandel.* ***Want uit Sion sal die Wet uitgaan en die Woord van JaHWeH uit Jerusalem.*** *[Miga 4:2]*

*Isa 2:4 En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.*

*Isa 2:5 Kom, huis van Jakob, en laat Ons wandel in die Lig van JaHWeH!*

*Isa 2:6 Want U het U volk verwerp, die huis van Jakob, omdat hulle vol is van wat die Ooste aanbied, en van goëlaars soos die Filistyne, en met die kinders van uitlanders dryf hulle handel. [Exodus 32:18]*

**MY Gees sal MY knegte lei in MY Voetspore en binne MY Laer sal EK MY Boerevolk vergader vir MY Doel.**

Hulle sal in MY Roem en alle lof aan MY gee. Hulle sal staande bly teen die verbasterde hande van Kain en Edom – in MY sal hulle Krag en Wysheid ontvang! Al wat EK van MY Boerevolk vra: Onthou MY, gehoorsaam MY en kom uit die besoedeling, wees weer LIEF vir MY en vergeet MY nooit! Dan sal EK julle nader en die Dag van EK IS sal die Dag van Seën genoem word vir jou, MY Volk!

Jy, MY Volk, is geskape as OORWINNAAR IN MY!"

**Vers 2 van "DIE LIED VAN JONG SUID-AFRIKA**

**Die klop van <u>Voortrekkerwawiel</u> het die eeue se rus verstoor;**
**die klank van die voorlaaierskote het klowe en kranse gehoor.**
**Die diere het stil staan en luister, die bome het bewend gefluister:**
**dit is die koms van Jong Suid-Afrika,**
**dit is die koms van Jong Suid-Afrika.**
**dit is die koms van Jong Suid-Afrika.**



# 13 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 11

**Woord ontvang op 05/07/19 aan Daniel Grobbelaar**

“MY kneg, daar kom ‘n wonderbare tyd volgens MY Ewige Wil en Woord: **‘n Nuwe Tyd!** Soos EK gespreek het so sal EK handel volgens MY Volmaakte Getrouheid. EK was nog altyd getrou aan MY skepsels, waarom sal EK nou ontrou word? Maar MY kinders wantrou MY gereeld en glo nie MY Woorde van Waarheid nie. Daarom dat hulle so louwarm en slapend en lui geword het, want hulle het nie Geloof in MY Leiding en Woord nie.

Daarom kom hulle nie tot uitvoering volgens MY Woord en Opdragte nie en dan kom die gevoel by MY kinders op dat hulle lewens geen nut het nie en dat EK nie hulle gebede beantwoord nie. Sonder die Geloof kan julle niks volgens MY Woord uitvoer nie, en indien julle iets ten uitvoer bring sonder MY en julle Geloof in MY, dan word dit gedoen in **dwaasheid en wanorde**.

EK wil ‘n nuwe Tyd vir julle laat aanbreek, maar julle ,MY kinders, gaan moet saamwerk deur ‘n totale oorgawe aan MY Wil in LIEFDE en ‘n brandende WERKSAME WIL! Hierdie vereis dat julle **innerlik fyn moet luister** en MY Stem moet gehoorsaam ten alle tyd, want EK is Alwys en Almagtig. Julle moet MY toelaat om deur en in julle te kan werk ten beste van julle eie siele en die siele van julle broers en susters.

Die Tyd het nou gekom, MY Boerevolk, dat julle in MY Naam, **MY Wapenrusting** moet opneem en sonder traagheid van hart, en sonder enige vertwyfeling, die geveg moet aanpak teen die valsheid en indringende euwel! Maar dit sê EK:

**Eerstens moet julle binne MY Laer kom en julleself afseël en toelaat dat EK julle suiwer en bekragtig.**

Dan gaan julle die geveg tegemoet, maar **<u>WAG OP MY</u>**! As julle bereid is om vir MY te stry en op te staan vir Waarheid en LIEFDE, as EEN, dan hoef julle die geveg net **halfpad** te voer en EK sal julle dan ten volle met hulp tegemoet gaan die ander halfpad van die geveg; en die Oorwinning sal EK bewerk vir julle.

Onthou wat EK gesê het: “Nader tot MY en EK sal tot julle nader!” – dit is die voorwaarde.

Dit is MY Woord aan julle: Dat EK julle geensins alleen sal los nie, maar dat EK julle in die fynste aspekte sal help indien julle julle harte altyd opreg na MY keer en opreg sonder selfsug lewe.

**Onthou MY Gilgal-Laer**!

Julle weet wat om te doen **MY Gilgalboere**! Die Tyd is hier om **Jerigo** se mure te laat val en die stad in te neem! Maar weet dat Sodom en Gomorrah uit julle midde vernietig sal word deur die Vuur en Swael van MY Grimmigheid, want die stede se sondes het weer tot teen aan die Hemele gereik en MY Toorn is vol! MY kinders wat sonde pleeg in dwaasheid en onwetendheid dat dit verkeerd is omdat hulle mislei word, sal EK vergewe en seker maak dat MY Gees te werk gaan om hulle daaruit te red en hulle op die regte Weg te wys. Maar, diegene wat doelbewus MY Kudde mislei en opsetlik die Waarheid verkrag om die **leuens en bedrog van MY teenpool te bevorder**, vir julle sê EK, EK IS WAT EK IS: EK sal julle voor MY Aangesig verwyder in MY Toorn en ‘n verterende Vuur sal oor julle harte vee! Vir julle het EK gewaarsku deur MY Gees, Knegte, MY Woord en MY Profete! Julle sal weet WIE DIE VOLMAAKTE ONSELFSUGTIGE LIEFDE HOMSELF IS! MY kinders wat vir MY wil leef en wat hulle siele wil reinig vir MY, hulle sal EK red en omvou in MY Arms as die BRUIDEGOM van MY Uitverkore Bruid!

**Die LIEFDE is onselfsugtig en oordeel nie vals nie**; Die LIEFDE is rein en skoon soos ‘n **Duif** wat neerdaal vanuit MY Hemele; Sag en teer in deemoed handel die LIEFDE en in Waarheid word gesing die Nuwe Lied wat MY LIEFDE in die harte van MY Bruid sal gee! Edel is die Volk deur MY Hand uitverkies en EK sal Haar red en reinig van die goddelose gruwels van MY teenpool. Wag op MY en volg MY Opdragte na want EK sal onder julle vertoef en doen al klaar. Julle moet MY kan sien omdat EK altyd by julle is, MY Boerevolk. Maak jou los van die wêreld en sy gruwels. **Werk daaraan om julle broers en susters lief te hê en MY bo alles**; en dan sal EK julle gereed maak om saam met MY, MY Nuwe Tyd binne te gaan!

Wees altyd getrou, eerlik en opreg in alles wat julle dink, sê en doen – EK sal julle lei. Volg MY net. Dit spreek EK, die Enigste Ware Liefde, JAHWEH JAHSHUA julle Verlosser!”

***Efesiërs 6:10*** *Eindelik, my broeders, word kragtig in die Meester en in die krag van sy sterkte.*

*6:11 Trek die **volle wapenrusting** van Elohim aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.*

*6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die **wêreldheersers** van die duisternis van hierdie eeu, teen die **bose geeste in die lug**.*

*6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die **dag van onheil** en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. 14 Staan dan vas, julle **lendene met die waarheid** omgord, met die **borswapen van die geregtigheid** aan,*

*6:15 en as skoene aan julle voete **die bereidheid vir die evangelie van vrede**.*

*6:16 Behalwe dit alles neem die **skild van die geloof** op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. 17 En neem aan die **helm van verlossing** en die **swaard van die Gees**—dit is die woord van Elohim—*

# 14 Julie 2019 - Die herdenking van die Gilgal klipwiel Gelofte

### Aanhaling uit Daniel profesie 12.07.2019

"Die Liefde gebruik die Krag om MY Berg Sion opwaarts te bestyg na MY en MY Ryk van Vrede en Waarheid, deur middel van die **Werksame Geloof** in **MY Skeppende Wysheid,** wat voortkom en terugkeer na die Liefde. Die Liefde neig en streef altyd na bo en nooit na benede. Al hierdie is vanuit die Oorspronklike LIEFDE-LIG."

**"So, is die Laer, waarvan EK gespreek het, voltooi en verseël: MY Ligsirkel van Hemele en Aarde!"**

### Psalm 102

102:12 Maar U, o JaHWeH, U bly tot in ewigheid, en **U gedenkteken** van geslag tot geslag.

102:13 U sal opstaan, U oor Sion ontferm; want dit is tyd om Haar barmhartig te wees, **want die bestemde tyd het gekom**. [JeshaJaH 29:1]

102:14 **Want U knegte het Haar klippe lief** en betoon guns aan Haar stof. [2Ezra 7:71]

102:15 Dan sal die nasies die Naam van JaHWeH vrees en al die konings van die Aarde U Glansrykheid;

102:16 omdat **JaHWeH Sion opgebou het**, in Sy Glansrykheid verskyn het,

102:17 Hom gewend het tot **die gebed van die Verstotene,** en hulle gebed nie verag het nie. [JeshaJaH 54:1; Openbaring 6:10]]

102:18 Dit sal vir die volgende geslag opgeskrywe word, en **die volk wat geskape gaan word**, sal JaHWeH loof; [TsefánJaH 3:10]

### Boodskap van Ricus Viljoen

Dagse Dirk. Dis 2.26, Sondagoggend 11 Junie 2017. Ek het n BOODSKAP vir jou. Ek kan dit self nie glo nie. Dis besig om te ontvou, met al die detail. Ek skryf soos dit kom. Die betekenis en simboliek sal uitgewys word.

By jou, op die plaas, het jy n spesiale boom, dit is die plek. Die stam van die boom dien as middelpunt, die as waarom die gebeure sal plaasvind. Jy, Dirk van Vuuren moet n tou afmeet met 3 van jou treë, dis die maatstaf. Jy moet n sirkel trek rondom die stam van die boom, 3 treë, die maatstaf van jou treë. Dit is die velling of band van die wa-wiel. Klippe vanuit alle rigtings van die land moet daar gepak word. N klip vanuit die Noorde moet Noord op die velling lê, vanuit die Ooste moet Oos lê, al 4 windrigtings moet aangedui word. Dit moet in die vorm van n band gepak word. Die 1e klippe moet 3 treë vanaf die boom wees, elk in die rigting van herkoms. Sou daar nog klippe vanuit n streek kom, word dit vanaf die velling se loopvlak na die stam toe gepak, in die vorm van n speek. Die daar moet 12 speke in totaal wees. Elke klip moet die dorp/streek verteenwoordig waar dit vandaan kom. Dit kan die dorp/omgewing se naam op gegraveer/uitgekap hê. Wanneer die speek van n rigting voltooi is, mag die band van die speek met die volgende speek verbind word.

Die embleem van die wa-wiel op die vlag word fisies gebou, sodat dit tasbaar en fisies waargeneem moet word. Die volk word deur die speke aanmekaar gebind, met die boom wat geplant, gegrond is op die aarde, wat die as is. Die boom bied skaduwee oor die 12 volke, speke.

Die boom is die samekoms van al 12 speke. Daar moet vanaf Sion n boodskap uitgaan dat die klippe opgeroep word, benodig word, die wiel moet gebou word, voltooi word, die tyd om te rol het gekom. Elke klip wat ontvang word, moet ten aanskoue van almal by jou op sy plek geplaas word.

Die gees van die volk word saamgetrek, die wiel bied ook rigting aan vanwaar julle hulp kry, of heen kan gaan om hulp.

### Aanhaling uit Daniel profesie 12.07.2019

Na hierdie Woorde, herinner VADER my aan **Paardekraal** en sê:

"MY Dogter, julle het EK gebring tot by Paardekraal vir MY doel en plan. Julle het groot verwagtings gehad en vooruitsigte. Maar Paardekraal was 'n leidraad vanaf MY. Paardekraal is die Derde Poort: **Die Wind... Die Gees... Die Wysheid... Julle Moeder!** Het julle vergeet wat EK vir julle openbaar het in Henog? Henog het Drie Poorte gesien aan die Suide: Vanuit die Eerste het daar Dou gekom, **Bloedrivier**; vanuit die Tweede het Reën gekom, die Laatreëns van **Gilgal**; en vanuit die Derde het daar Wind gekom, **PAADEKRAAL**! Dit is die finale stap na julle oorwinning in MY: PAARDEKRAAL! **Julle moet MY GEES en ASEM VAN MY WIND inneem** en die Leiding van MY Wysheid wat spreek vanuit MY HART omdat SY EEN IS MET MY, gehoorsaam in volle Geloof! **Julle moet net kyk na MY en MY alleen** en geensins na die wêreld en haar verlokkende euwel kyk nie. EK IS GETROU om julle te help tot aan die einde en tot in Ewigheid. EK het MY Dogter afgebring en haar denke, sodat Sy moet weet dat dit NET EK IS wat Haar weer kan suiwer, oprig, herstel en VERNUWE met die **BEKRAGTIGING vanuit MY OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE**; en dat hulle nie in hulleself roem en hulle self eer dat Sy weer haarself kon oprig nie. Dit is NET EK wat dit vir Jou wil en kan doen omdat EK Volmaak en Almagtig en die LIEFDE-GEES SELF is. Hierdie is julle antwoord oor die gebeure na PAARDEKRAAL."

"Wees oorwinnaars, MY Boerevolk en **KYK NA MY** binne jou hart en gehoorsaam MY in LIEFDE BO ALLE LIEFDE, en julle sal Ewige Vrede vanuit MY verkry as Skatte en Skeppings van volmaakte LIEFDE."

# 15 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 12

**Woord Aan Daniel Grobbelaar ontvang op 11/12 Julie 2019**

Na ‘n lang besige dag en met erge moegheid en hoofpyn het ek toe gaan stort en ek hoor toe JAHSHUA se lieflike Woorde in my hart:

“Die Liefde gebruik die Krag om MY Berg Sion opwaarts te bestyg na MY en MY Ryk van Vrede en Waarheid, deur middel van die **Werksame Geloof** in **MY Skeppende Wysheid,** wat voortkom en terugkeer na die Liefde. Die Liefde neig en streef altyd na bo en nooit na benede. Al hierdie is vanuit die Oorspronklike LIEFDE-LIG.”

**“So, is die Laer, waarvan EK gespreek het, voltooi en verseël: MY Ligsirkel van Hemele en Aarde!”**

Terwyl ek JAHSHUA se liefdevolle, genesende Woorde in my hart hoor hierbo, toe bring JAHSHUA my terug na my en twee ander broers se ervarings met ‘n boom voor die skooltjie op oom Dirk se plaas. Een broer het gesien aan die noordelike kant van die boom is ‘n sirkel vorm op die bas van die boom sigbaar binne-in ‘n berg vorm: Die Gilgal-Klipwiel-Ark op reis opwaarts in die LIEFDE. Die volgende laatmiddag of skemer toe sien twee broers ‘n weerligstraal slaan in die grond in, Oos van die boom: Die Krag. Die volgende more, nadat my twee broers my hierdie dinge gaan wys het by die boom, het ek gestaan aan die oostekant van die boom toe JAHSHUA my lei na die Suidelike kant. Ek stap toe na die suidelike kant en sien toe 7 strepe in gegraveer in die boombas en my een broer sien toe ook daarna dieselfde sirkel vorm aan die Suidelike kant waar die sirkel bo die Berg is: Die Tyd van Vrede en Waarheid, Die Voleinding - OORWINNING IN JAHSHUA! Ons het toe almal laat roep en hulle gewys op die getrouheid en Waarheid van wat JAHSHUA beloof het. Maar...

JAHSHUA het toe in MY hart verder begin spreek:

“MY kneg, hoor MY Woorde soos EK dit gisteraand aan jou openbaar het: Die Laer bestaan uit vier dele vir MY Boerevolk: Die Liefde, die Krag, die Waarheid...Vrede, en die Wysheid...Geloof. Dit is die Laer, dit is die GILGAL! Maar, op daardie dag en daarna het julle nie dit ernstig opgeneem om vir MY te vra oor wat die **Verborgenheid oor die Weste** kan wees nie. Daardie boom het ek as toonbeeld vir MY Boom van die Lewe daar laat groei, en EK het die boom daar laat plaas: Daar waar ‘n nuwe generasie van MY kinders opgevoed sal word volgens MY Waarheid, Beginsels en Waardes vir ‘n lewe wat lei na MY. Om daardie Boom wat ook in die middel van MY Gilgal-Laer is, wat niks anders is as MY LIEFDESLAER van LIG nie, IS DIE LAER opgestel. Maar MY Dogter van Sion, Jy het die Westelike nie in ag geneem nie: **Die Wysheid en Geloof in MY, WERKSAME GELOOF!** Dit het julle kort gekom en nie as julle volle **Wapenrusting** aangetrek nie. Na alles wat EK vir julle laat sien, openbaar en deur MY Woorde laat hoor het, het julle nog te kort gekom met julle Werksame Geloof in MY Skeppende Wysheid. So het die Spreuke julle ook geoordeel. Julle is lief vir MY en julle aanvaar MY Liefde; julle bid vir MY vir Krag en dit gee EK vir julle vanuit MY Barmhartigheid; julle het die Waarheid gevind en daarmee saam Vrede in julle harte begin aanvoel; maar, julle Geloof en **die aktiwiteit daarvan**, tesame met **die navolging en gehoorsaamheid aan MY Wysheid** – dit het julle nog **baie** aan te werk. Wanneer julle volgens MY Wysheid handel, spreek en dink en is julle Geloof totaal en al in MY standvastig en werkend in die LIEFDE, dan is die Laer voltooi, afgeseël en bekragtig! Julle moet MY LIEFDE ten volle aanvaar, opneem en uitstraal. Julle moet totaal afhanklik wees van MY Krag wat EK vir julle gee om julle doele vir MY en julle eie siele, en die siele van julle naaste te bereik. Julle moet in Vrede leef tot MY eer en in Waarheid en Gees moet julle jubel in Vrolikheid en hiermee moet julle oorgaan in die volgende stap:

**Die Werksame Geloof in MY Skeppende Wysheid.**

Wanneer julle MY gehoorsaam, glo en vertrou met ‘n vurige liefdevolle hart, dan kan julle volgens die leiding van MY Wysheid, SKEP! Julle kan in staat wees om skeppings voort te bring vanuit MY LIEFDE, KRAG, WAARHEID en... WYSHEID! EK doen dit deur julle en julle moet **bereid wees om MY in alle oorgawe te vertrou en te glo in MY Woord**. Maar julle moet werk maak daarvan en nie slaap of sluimer nie. Julle moet **aktief deel word van MY Plan en Beloftes**. Daarom het EK julle genoem: “**Werkers** in MY Wingerd” en nie “**Slapers** in MY Wingerd nie”. WERKSAAM moet julle, MY kinders en knegte, mekaar help, ondersteun en liefhê om sodoende MY kinders se siele opwaarts te help lei na die top punt van MY Berg Sion! Wanneer julle so begin saamwerk om mekaar **te lei** na MY en MY alleen, met GELOOF en GEHOORSAAMHEID aan MY WYSHEID, dan sal julle MY RYK VAN VREDE en EWIGE LEWE beërwe. **Julle sal aan die Boom van die Lewe se Vrugte eet: Dit is MY Hemelse Manna! DIT IS EK!** So is julle dan dus verseël in MY Laer en die OORWINNING sal EK vir julle bring en julle sal EK red MY Boerevolk!”

### Woord Aan Daniel Grobbelaar ontvang op 11/12 Julie 2019

Na hierdie Woorde, herinner VADER my aan Paardekraal en sê:

"MY Dogter, julle het EK gebring tot by Paardekraal vir MY doel en plan. Julle het groot verwagtings gehad en vooruitsigte. Maar Paardekraal was 'n leidraad vanaf MY. Paardekraal is die Derde Poort: **Die Wind... Die Gees... Die Wysheid... Julle Moeder!** Het julle vergeet wat EK vir julle openbaar het in Henog? Henog het Drie Poorte gesien aan die Suide: Vanuit die Eerste het daar Dou gekom, **Bloedrivier**; vanuit die Tweede het Reën gekom, die Laatreëns van **Gilgal**; en vanuit die Derde het daar Wind gekom, **PAADEKRAAL**! Dit is die finale stap na julle oorwinning in MY: PAARDEKRAAL! **Julle moet MY GEES en ASEM VAN MY WIND inneem** en die Leiding van MY Wysheid wat spreek vanuit MY HART omdat SY EEN IS MET MY, gehoorsaam in volle Geloof! **Julle moet net kyk na MY en MY alleen** en geensins na die wêreld en haar verlokkende euwel kyk nie. EK IS GETROU om julle te help tot aan die einde en tot in Ewigheid. EK het MY Dogter afgebring en haar denke, sodat Sy moet weet dat dit NET EK IS wat Haar weer kan suiwer, oprig, herstel en VERNUWE met die **BEKRAGTIGING vanuit MY OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE**; en dat hulle nie in hulleself roem en hulle self eer dat Sy weer haarself kon oprig nie. Dit is NET EK wat dit vir Jou wil en kan doen omdat EK Volmaak en Almagtig en die LIEFDE-GEES SELF is. Hierdie is julle antwoord oor die gebeure na PAARDEKRAAL."

"Wees oorwinnaars, MY Boerevolk en **KYK NA MY** binne jou hart en gehoorsaam MY in LIEFDE BO ALLE LIEFDE, en julle sal Ewige Vrede vanuit MY verkry as Skatte en Skeppings van volmaakte LIEFDE."

### Jesaja 54:1

JUBEL, **Onvrugbare, wat nie gebaar het nie**! Breek uit in gejubel en juig, Jy wat geen Weë gehad het nie! Want die kinders van die Verwoeste is meer as die **kinders van die Getroude**, sê JaHWeH. [Psalm 102:17; JirmeJaH 4:31]

2 Maak die plek van Jou Tent wyd, en laat hulle die doeke van Jou Tabernakels oopspan. Verhinder hulle nie! Maak Jou lyne lank en slaan Jou penne styf in.

3 Want Jy sal regs en links uitbreek, en **Jou saad** sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk.

4 Wees nie bevrees nie, want Jy sal nie beskaamd staan nie; en vrees geen skande nie, want Jy sal nie nodig hê om te bloos nie; maar Jy sal die skande van Jou jonkheid vergeet en aan die **smaad van Jou weduweeskap** nie meer dink nie.

5 Want jou Maker is jou **Besitter** (**Man**); JaHWeH van die skeppings-leërmag is Sy Naam; en die Aparte Een van JisraEl is Jou **Losser**. Hy sal die Elohey van die hele Aarde genoem word.

6 Want **soos 'n verlate Vrou en 'n Bedroefde van Gees** het JaHWeH Jou geroep, en soos 'n Vrou uit die jeugtyd as Sy versmaad was, sê Jou Elohey. [2 Ezra 2:3]

7 Vir 'n klein oomblik het Ek Jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek Jou vergader.

8 In 'n uitstorting van Toorn het Ek vir 'n oomblik My Aangesig vir Jou verberg, maar met Ewige Medelye ontferm Ek My oor Jou, sê JaHWeH, jou Losser.

9 **Soos in die dae van Noag is dit vir My**: soos Ek gesweer het dat die waters van Noag nie meer oor die Aarde sou gaan nie, so het Ek gesweer dat Ek nie op Jou toornig sal wees of Jou sal dreig nie.

10 Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar My Medelye sal van Jou nie wyk en **My Vredesverbond**, nie wankel nie, sê JaHWeH, jou Ontfermer. [Númeri 25:12]

> ***Sirag 45:23*** *En ook Pínehas, die seun van El-Azar het deur manmoedigheid die derde plek geërwe op grond van sy ywer vir Elohim in alles,* ***en dat hy gestaan het in die bres van sy volk, en sy hart hom daartoe genoop het, en hy versoening gedoen het oor die kinders van JisraEl****. [Númeri 25]*
>
> *45:24 Daarom het Hy ook vir hom 'n Insetting vasgestel,* ***'n Vredesverbond om die Apartheid te onderhou:*** *dat vir hom en sy saadlyn sal wees die* ***hoëpriesterskap*** *tot in ewigheid. [Númeri 25]*

11 **Jy, Ellendige, deur storm gejaagde, Ongetrooste**! Kyk, Ek lê Jou stene in sierklei, en Ek grondves Jou in saffiere;

12 en Jou borswerings maak Ek van robyne en Jou Poorte van karbonkels en Jou hele **ringmuur** van edelgesteentes.

13 En al Jou kinders sal studente van JaHWeH wees, en die **Vrede** van Jou kinders sal groot wees.

14 Deur **Geregtigheid** sal Jy bevestig word; wees ver van verdrukking, want Jy hoef nie bevrees te wees nie; en ver van verskrikking, want sy sal nie by Jou kom nie.

15 As hulle ook die aanval begin - dit is nie uit My nie; **wie Jou aanval, sal oor Jou val**.

16 Kyk, Ék het die Smid geskape wat die koolvuur aanblaas en 'n wapen voortbring volgens sy ambag; **ook het Ek die Verderwer geskape om te verniel**. [Boekrol van Henog 23]

17 Elke wapen wat teen Jou gesmee word, sal niks uitrig nie; **en elke tong wat teen Jou opstaan in die Reg, sal Jy weerlê**. **Jy is die Erfdeel** van die knegte van JaHWeH en hulle Geregtigheid wat uit My is, spreek JaHWeH.

# 18 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 14

**Jeremia 9**

1 AG, was My hoof maar water en My oog 'n fontein van trane! Dan sou Ek dag en nag beween die wat verslaan is van die **Dogter van My Volk**.

Jer 9:2 Ag, het Ek in die wildernis maar 'n **herberg vir reisigers** gehad! Dan sou Ek My volk verlaat en van hulle af wegtrek; want hulle almal **vermeng en is verraaiers.**

Jer 9:3 En hulle span hulle tong, soos hulle boog, met **leuens**, en hulle is nie sterk in Waarheid op die Aarde nie; want van besoedeling tot besoedeling gaan hulle voort, maar **My ken hulle nie**, spreek JaHWeH. [Profeet Hoséa 7:16]

Jer 9:4 Pas op, elkeen vir sy vriend, en vertrou op geen broer nie; want elke broer is net 'n **onderkruiper**, en elke vriend gaan om met **kwaadsprekery**.

Jer 9:5 En hulle **bedrieg** elkeen sy vriend en praat nie die Waarheid nie; hulle het hul tong geleer om **leuens** te praat, hulle maak hul moeg met **verdraaiery**.

Jer 9:6 **Jou woning is in die midde van bedrog**; deur bedrog weier hulle om My te ken, spreek JaHWeH.

Jer 9:7 Daarom, so sê JaHWeH van die skeppings-leërmag: Kyk, Ek smelt hulle en toets hulle; want hoe sou Ek [anders] handel vanweë die Dogter van My Volk?

Jer 9:8 Hulle tong is 'n bloedbevlekte pyl; sy spreek bedrog; **met die mond spreek hulle van Vrede met hul volksgenote**, maar in hul binneste beraam hulle listige planne.

Jer 9:11 En Ek sal **Jerusalem** maak tot kliphope, 'n Lêplek van Drake; en die **stede van JeHûWdah** sal Ek 'n woesteny maak, sonder inwoner.

Jer 9:12 Wie is die wyse man wat dit kan verstaan? En met wie het die Mond van JaHWeH gespreek, dat hy dit kan verkondig? **Waarom het die Aarde te gronde gegaan**, is sy verwoes soos die wildernis, sodat niemand daar deurtrek nie?

Jer 9:13 En JaHWeH het gesê: Omdat hulle **My Wet** wat Ek hulle voorgehou het, verlaat het en na **My Stem** nie geluister en **in Hom nie gewandel het nie**,

Jer 9:14 maar gewandel het agter die **verhardheid** van hulle hart en agter die **Here (Baäl)** aan, waaraan hulle vaders hulle gewoond gemaak het,

Jer 9:15 daarom, so sê JaHWeH van die skeppings-leërmag, die Elohey van JisraEl: Kyk, Ek gee aan hulle, aan hierdie volk, **Alsem** om te eet, en Ek laat hulle **water met gif** drink,

Jer 9:16 en Ek **verstrooi hulle onder die nasies wat hulle en hul vaders nie geken het nie**, en stuur die **swaard** agter hulle aan totdat Ek hulle verteer het.

Jer 9:17 So sê JaHWeH van die skeppings-leërmag: Let op, en roep die **klaagvroue**, dat hulle kom; en stuur na die **wyse vroue**, dat hulle kom;

Jer 9:18 en laat hulle gou maak en oor Ons 'n weeklag aanhef, sodat Ons oë afloop in trane en Ons ooglede stroom van water.

Jer 9:19 Want die **geluid van weeklag word uit Sion gehoor:** Hoe is Ons verwoes! Ons het diep in die skande gekom, omdat Ons die deel van die Aarde moet verlaat, omdat hulle Ons Tabernakels omgegooi het.

Jer 9:20 Want hoor, o vroue, die Woord van JaHWeH, en laat julle oor opvang die Woord van Sy Mond; en leer julle dogters 'n weeklag en vir mekaar 'n klaaglied.

Jer 10:1 Luister na die **Woord wat JaHWeH** oor julle gespreek het, o huis van JisraEl!

Jer 10:2 So sê JaHWeH: Maak julle nie gewoond aan die weg van die nasies nie, en skrik nie vir die tekens van die Hemele, omdat die nasies daarvoor skrik nie.

Jer 10:3 Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n **boom uit die bos** kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl.

Jer 10:4 Hulle **versier hom met silwer en goud**, hulle maak hom vas met spykers en hamers, dat hy nie waggel nie.

Jer 10:5 Soos 'n **voëlverskrikker** in 'n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want **hulle kan nie loop** nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is **ook geen goeddoen by hulle** nie.

Jer 10:6 Geeneen is soos U nie, o JaHWeH! U is groot, en **U Naam is groot in Krag**.

# 19 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 15

### Jeremia 10 (vervolg)

17 TEL jou pak goed van die Aarde af op, jy wat in die beleëring vertoef.

18 Want so sê JaHWeH: Kyk, **Ek slinger die inwoners van die Aarde hierdie keer weg**, en Ek doen hulle benoudheid aan, dat hulle kan vind.

19 Wee My vanweë My verbreking! Smartlik is My wond! Ja, Ek het gesê: Waarlik, dit is 'n lyding, en Ek sal dit moet dra.

20 **My Tent is verwoes**, en al My lyne is afgeruk; My kinders het van My af weggegaan, en hulle is daar nie; daar is **niemand meer wat My Tent uitspan en My tentdoeke opsit nie**.

21 **Want die herders het dom geword** en JaHWeH nie gesoek nie; daarom was hulle nie voorspoedig nie, en hulle hele kudde is verstrooi.

22 Hoor! 'n Gerug. Daar kom sy, en wel 'n groot geraas uit die **Aarde van die Noorde**, om die stede van **JeHûWdah** 'n woesteny te maak, 'n **Lêplek van Drake**.

25 **Stort U Grimmigheid uit oor die nasies wat U nie ken nie, en oor die stamme wat U Naam nie aanroep nie;** want **hulle het Jakob verslind**, ja, hulle het hom verslind en hom verteer en sy woning verwoes.

### Jeremia 11

2 Hoor julle die **woorde van hierdie Verbond**, en spreek met die manne van JeHûWdah en met die inwoners van Jerusalem

3 en sê vir hulle: So spreek JaHWeH, die Elohey van JisraEl: **Vervloek is die man wat nie luister na die woorde van hierdie Verbond** <u>(Lev. 26 en Deut. 28)</u>

4 wat Ek julle vaders beveel het op die dag toe Ek hulle uit die Aarde van Egipte, uit die yster-smeltoond, uitgelei het met die woorde: **Luister na My Stem en doen die [woorde] net soos Ek julle beveel; dan sal julle vir My 'n volk wees, en Ek sal vir julle 'n Elohim wees -**

5 om te bevestig die eed wat Ek vir julle vaders gesweer het om aan hulle te gee 'n Aarde wat oorloop van **melk en heuning** soos sy vandag is. Toe het ek geantwoord en gesê: Amein, o JaHWeH!

6 En JaHWeH het vir my gesê: Roep al hierdie woorde uit in die **stede van JeHûWdah** en op die **strate van Jerusalem**. Luister na die **woorde van hierdie Verbond** en doen haar.

7 Want Ek het julle vaders nadruklik gewaarsku op die dag toe Ek hulle uit die Aarde van Egipte laat optrek het tot vandag toe, vroeg en laat, en gesê: **Luister na My Stem!**

8 Nogtans het hulle nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hulle het gewandel elkeen in die **verharding van sy besoedelde hart**. Daarom het Ek oor hulle gebring al die woorde van hierdie Verbond wat Ek beveel het om te doen, maar wat hulle nie gedoen het nie.

15 Maar **as jy nie luister na die Stem van JaHWeH** jou Elohey, om sorgvuldig te hou al Sy Gebooie en Sy Insettinge wat Ek jou vandag beveel nie, dan sal al **hierdie vloeke** oor jou kom en jou inhaal.

### Deuteronomium 28

16 **Vervloek** sal jy wees in die stad, en **vervloek** sal jy wees in die veld.

17 **Vervloek** sal wees jou mandjie en jou bakskottel.

18 **Vervloek** sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou Adamah [adamiet se Aarde], die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.

19 **Vervloek** sal jy wees by jou ingang, en **vervloek** sal jy wees by jou uitgang.

20 JaHWeH sal teen jou stuur die **vervloeking**, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die besoedeling van jou handelinge, dat jy My verlaat het.

21 JaHWeH sal maak dat die **pes** jou aankleef totdat Hy jou vernietig vanuit die Adamah [adamiet se Aarde] waarheen jy gaan om haar in besit te neem.

22 JaHWeH sal jou swaar tref met **tering en koors en vurige koors en ontsteking en droogte en brandkoring en heuningdou**; en hulle sal jou vervolg totdat jy omkom.

23 En jou Hemele wat bo jou hoof is, sal **koper**, en die Aarde wat onder jou is, **yster** wees.

24 JaHWeH sal die reën van jou Aarde **poeier en stof** maak; van die Hemele sal dit op jou afkom totdat jy verdelg is.

25 JaHWeH sal maak dat jy voor die aangesig van jou vyande verslaan word; op een pad sal jy teen hom uittrek en op sewe paaie sal jy voor die aangesig van hom **uit vlug**; en jy sal 'n **skrikbeeld** vir al die koninkryke van die Aarde word.

26 En jou **lyke** sal as voedsel dien vir al die voëls van die Hemele en vir die wesens van die Aarde sonder dat iemand hulle skrikmaak.

27 JaHWeH sal jou swaar tref met swere van Egipte en met geswelle en skurfte en uitslag waarvan jy nie kan gesond word nie.

28 JaHWeH sal jou slaan met **kranksinnigheid en blindheid en sinsverwarring**,

## 20 Julie 2019 - Jeremia - Profetiese en Hemelse waarheid - Lesing 16

### Droom aan Eduard op 20 Julie 2019

O mens ! jy pas nie dáár in nie, waarom hou jy nog vas ?

Laas nag ek stap deur die mengelmoes van mense ek stap in hulle koninkryk van nimmer - einde - soeke van die een na die ander ek stap na die gewone man en ek eindig by grotes. Daar is geen rus by hulle nie daar is geen vrede op hul gelaat nie. Die oog soek maar word nie versadig nie hulle voete loop die treë totdat moegheid hulle oorval. Daar sit hulle almal op 'n stasie en hulle wag.

...ek vra ! Waarvoor wag julle? Hulle antwoord, ons wag vir die tyd ek dink by myself, watter tyd ? en ek sê, die tyd is nou om huis toe te gaan, waarom talm julle? Waarom vertoef julle? Hoekom is julle besluiteloos? Die een sê, hulle het vir jou 'n verjaarsdag gister gereël, hulle het vir jou 'n lint voor jou huis gespan maar jy was nie daar nie ! Ek dink by myself daardie lint, daardie verjaarsdag beteken vir my niks. Nog minder omdat julle my daaraan wil verbind ek woon nie meer in daardie huis nie, ek het geen belang meer daar nie.

My volk, die tyd is hier dat jy moet besluit om jouself los te maak. Los te maak van elke tradisie, los te maak van bande wat jou vashou. Jou soeke het aan 'n einde gekom, daar is 'n nuwe verjaarsdag wat vir jou wag.

Eduard

### Jeremia 11 (vervolg)

9 Verder het JaHWeH vir My gesê: Daar is 'n **sameswering** ontdek onder die **manne van JeHûWdah** en onder die inwoners van Jerusalem:

10 Hulle het teruggekeer na die **ongeregtigheid** van hulle voorvaders wat geweier het om na My woorde te luister, en agter **gode van andere** aan geloop om dié te dien. Die huis van JisraEl en die huis van JeHûWdah het **My Verbond verbreek** wat Ek met hulle vaders gesluit het.

11 Daarom, so sê JaHWeH: Kyk, Ek bring besoedeling oor hulle, uit haar sal hulle nie kom nie; dan sal hulle na My roep, maar **Ek sal na hulle nie luister nie**.

12 Dan sal die stede van JeHûWdah en die inwoners van Jerusalem gaan en roep na die **gode vir wie hulle rook laat opgaan het**; maar hulle sal hulle geensins verlos in die tyd van hulle besoedeling nie.

13 Want volgens die getal van jou **stede** is jou gode, o JeHûWdah! En volgens die getal van die **strate** in Jerusalem het julle **skandelike altare** opgerig, altare om vir die **Here (Baäl)** reukwerk te berei.

14 **En jy, bid nie vir hierdie volk nie en hef vir hulle geen roep of gebed op nie**, want Ek hoor nie in die tyd as hulle My aanroep vanweë hulle besoedeling nie.

15 Wat het **My Beminde** in My Huis te doen, dat Sy [daar] Haar listige plan uitvoer? Sal baie dinge en **vleis van Apartheid** Jou besoedeling van Jou af wegneem? Dan kan Jy jubel.

16 JaHWeH het Jou die naam gegee: **groen Olyfboom**, skoon deur mooi gevormde vrugte; [maar] by die geluid van 'n groot gedruis het Hy 'n vuur op Haar aangesteek, en **Haar takke het gebreek**. [Psalm 52:8]

17 Want JaHWeH van die skeppings-leërmag wat Jou geplant het, het besoedeling teen Jou gespreek weens die besoedeling van die huis van JisraEl en die huis van JeHûWdah, wat hulle graag gedoen het, **om My te tart deur reukwerk te berei vir die Here (Baäl).**

18 En JaHWeH het My dit te kenne gegee, sodat Ek dit weet. Toe het Jy My hulle handelinge laat sien.

19 Maar Ek (**Dogter van Sion**) was soos 'n Lam wat hulle lei om te slag; en Ek het nie geweet dat hulle planne teen My beraam het nie: **Laat ons die Boom met Sy vrugte verwoes,** en laat ons Hom afsny uit die Aarde van die lewendes, sodat aan Sy Naam nie meer gedink word nie!

20 Maar, o JaHWeH van die skeppings-leërmag, regverdige Regter, wat **niere en hart** toets, laat My U wraak op hulle sien, want aan U het Ek My regsaak toevertrou.

21 Daarom, so spreek JaHWeH aangaande die manne van Anatot **wat Jou Siel soek** en sê: Jy mag nie profeteer in die Naam van JaHWeH nie, anders sal jy sterwe deur ons hand -

22 daarom, so spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag: Kyk, Ek doen besoeking oor hulle; die **jongmanne** sal sterwe deur die **swaard**, hulle seuns en hulle dogters sal sterwe deur hongersnood,

23 en hulle sal geen oorblyfsel hê nie; want Ek sal besoedeling bring oor die manne van Anatot in die jaar van hulle straf.

### Jeremia 12

1 REGVERDIG is U, o JaHWeH, as Ek met U sou twis. Tog wil Ek oor sake van die Reg met U spreek: Waarom is die weg van die besoedelde voorspoedig? **[Waarom] lewe hulle wat verraad pleeg voorspoedig?**

2 U het hulle geplant, ook het hulle wortel geskiet; hulle groei, ook dra hulle vrugte. **U is naby in hulle mond, maar ver van hulle niere.**

3 Maar U, o JaHWeH, **ken My; U sien My en toets My Hart by U.** Ruk hulle weg soos slagskape, en sonder hulle af vir die dag van slagting.

4 Hoe lank sal die Aarde treur en die plante van die hele veld verdor? Vanweë die besoedeling van die wat in haar woon, vergaan diere en voëls; omdat hulle sê: Hy sal ons einde nie sien nie!

5 As jy met **jong sprinkane** loop, maak hulle jou moeg:

hoe sal jy dan wedywer met die perde? En in ‘n Aarde van Vrede voel jy jou veilig: hoe sal jy dan maak in die pronkbosse van die Jordaan?
6 Want **ook jou broers en die huis van jou vader, ook hulle het verraad gepleeg teen jou**; ook hulle roep jou hardop agterna. Glo hulle nie as hulle vriendelik met jou spreek nie.
7 Ek het My Huis verlaat, Ek het My Erfenis verwerp, Ek het die Beminde van My Siel in die handpalms van Haar vyande gegee.
8 My Erfenis het vir My geword soos ‘n leeu in die bos; [Sy] het Haar stem teen My verhef; daarom het Ek Haar gehaat.
9 Is My Erfenis dan vir My ‘n **gekleurde roofvoël**? Is daar roofvoëls rondom teen Haar? Kom, **maak al die wilde wesens van die veld bymekaar, laat hulle kom om te eet.**
10 **Baie herders het My Wingerd verniel**, hulle het My stuk grond vertrap, hulle het My begeerlike stuk grond **‘n verwoeste wildernis** gemaak,
11 hulle het Haar as ‘n **verwoesting** nagelaat; Sy treur voor My, verslae; die hele Aarde is vernietig, omdat daar niemand is wat Haar ter harte neem nie.
12 Op al die kaal heuwels in die wildernis het verwoesters gekom, want die Swaard van JaHWeH verteer van die een end van die Aarde tot die ander end van die Aarde; **daar is geen Vrede vir enige vlees nie.**
13 Hulle het koring gesaai, maar dorings gemaai; hulle het hul uitgeput sonder om baat te vind. Staan dan beskaamd oor julle inkomste, vanweë die brandende Woede van JaHWeH.
14 So sê JaHWeH: Aangaande al My besoedelde bure wat die **Erfenis aantas wat Ek My volk JisraEl laat erf het** - kyk, Ek ruk hulle uit hul Adamah [die adamiet se Aarde] uit, en **die huis van JeHûWdah sal Ek uit hulle midde wegruk.**
15 Maar nadat Ek hulle uitgeruk het, sal Ek My weer oor hulle ontferm; en Ek sal hulle terugbring, elkeen na sy Erfenis en elkeen na sy Aarde.
16 **En as hulle ywerig die weë van My volk leer om te sweer by My Naam**: So waar as JaHWeH leef, soos hulle My volk geleer het om te sweer by die Here (Baäl) - **dan sal hulle onder My volk gebou word**.
17 Maar as hulle nie luister nie, dan sal Ek **dié nasie heeltemal uitruk en tot niet maak**, spreek JaHWeH.